

Blitsfeite

- **Aanlyntoegang tot meer as 60 Afrika-koerante gepubliseer tussen 1800 en 1922**
- **Geskep in vennootskap met die Sentrum vir Navorsingsbiblioteke en sy bydraende lede as deel van die *World Newspaper Archive***
- **Bied koerante van Ghana, Guinee-Bissau, Kenia, Lesotho, Liberië, Madagaskar, Malawi, Mosambiek, Namibië, Ngerië, Sierra Leone, Suid-Afrika, Uganda en Zimbabwe**
- **Geleenthede vir nuwe insigte tot die alledaagse lewe in Afrika, ook hul geskiedenis, politiek en kultuur**
- **Bied uiteenlopende beskouings op 'n wye verskeidenheid plaaslike en globale geskilpunte, kruiskontroleer- en soekbaar met alle *World Newspaper Archive*-versamelings en America's *Historical Newspapers***

Bekyk die geskilpunte en gebeurtenisse bydraend tot die kontinent se vormingsverloop

Hierdie grondverskuwende aanlyn-versameling bied meer as 60 waardevolle navors- en volledig soekbare Afrika-koerante, gepubliseer in die 19de en 20ste eeu, insluitende meer as 20 Suid-Afrikaanse koerante. Met tekste in Engels, Afrikaans en titels in die inheemse tale van Ghana, Guinee-Bissau, Kenia, Lesotho, Liberië, Madagaskar, Malawi, Mosambiek, Namibië, Ngerië, Sierra Leone, Uganda en Zimbabwe, bied *African Newspapers* ongeëwenaarde dekking oor die geskilpunte en gebeurtenisse wat 'n rol gespeel het in die vormingsverloop van die kontinent en sy mense tussen 1800 en 1922.



'n Kykje in die Afrika-lewe oor twee eeue heen

Hierdie unieke versameling boekstaaf die evolusie van kulture en lande regoor die Sub-Sahara Afrika gedurende 'n tydperk van drastiese veranderinge, deur middel van ooggetuie-verslaggewing, hoofartikels, wetgewende bywerkings en opdaterings, verskeepingsmanifeste, briewe, poësie, advertensies en huweliks- en sterftekennisgewings. Hierdie koerante bied 'n groot verskeidenheid beskouings op diverse kulture wat strek vanaf die nadraai van die Atlantiese slawehandel, die lewe onder koloniale heerskappy en die gevolge van die Berlynse Konferensie tot die verskyning van swart joernalistiek, die Zoeloe-oorloë en die verwerping van Westerse imperialisme.

African Newspapers, 1800-1922 sluit sommige van die mees waardevolle navorsingskoerante van Suid-Afrika in, soos:

- CAPE TOWN GAZETTE, die eerste koerant van Suid-Afrika.
- THE GRAHAM'S TOWN JOURNAL, die oudste koerant buite Kaapstad gepubliseer.
- IMVO ZABANTSUNDU, die eerste koerant in besit en beheer van Afrikane en deur die invloedryke John Tengo Jabavu gestig.
- ILANGA LASE NATAL, die eerste Zoeloe-koerant, wat in 1903 deur John Dube, die eerste ANC-president, gestig is.
- INDIAN OPINION, gestig deur Mohandas Gandhi in 1903 om die regte van Indiërs woonagtig in Suid-Afrika, se regte te bepleit. *Indian Opinion* dokumenteer die ontwikkeling van Gandhi se "nie-gewelddadige protes"-beweging.
- THE NATAL WITNESS, Suid-Afrika se langslopende koerant.
- MAFEKING MAIL AND PROTECTORATE GUARDIAN, bekend vir sy dekking van die Boereoorlog.
- TSALA EA BECOANA (later TSALA EA BATHO), met die insluiting van rekords van die vroeë vergaderings van die African National Congress.
- UMTETELI WA BANTU, "Die spreekbuis van die mense", wat 'n sterk ondersteuner van die myne was en segregasie sterk teengestaan het. Geredigeer deur John Dube.

Vir meer inligting of om te reël vir 'n toetsperiode, kontak:

WorldWide Information Services, +27 11 789-9947, christine.bester@wwis.co.za.